# DIE SKIETLOOD

SKIETLOOD: 45e Uitgawe 1 Augustus 2014
saam met Koersvas 45

**Dwaalleer in die NHKA**

In die vorige Skietlood is daar gekyk na die uiteenlopende perspektiewe wat daar is rondom die figuur van AS Geyser. Dit alles in reaksie op Dr WA Dreyer se artikel "*Wanneer een twee word*". Geyser se politieke aktivisme in die NHKA en in die groter gemeenskap was 'n konstante klippie in die skoen maar was nie die eindelike rede vir 'n skeiding van die weë nie. Enige historiese beeld van Geyser sal onvolledig wees sonder om te verwys na sy beweerde dwaalleer, skuldigbevinding, ontslag en regsgedwonge herstel.

Dreyer rapporteer in sy artikel "I*n 1961 is 'n klag deur drie studente (o.a. H.G. van der Westhuizen) teen Geyser ingedien, wat daarop neergekom het dat hy 'n afwykende Christologie huldig, op grond van sy eksegese van Filippense 2. In Mei 1962 is hy deur die Kommissie van die AKV skuldig bevind aan dwaalleer en is hy versoek om sy leerstoel te ontruim. Nadat hy 'n aanstelling aan die Universiteit van die Witwatersrand ontvang het, het hy op 31 Julie 1962 sy bedanking as predikant van die Hervormde Kerk aangekondig".*

Dwaalleer is 'n ernstige klag. Dit verdien dat daar bietjie stil gestaan word by die saak. Dit is belangrik om daarop te let dat Geyser se optrede in die klaskamer aanstoot gegee het, nie net by die drie studente wat 'n klag teen hom gelê het nie, maar ook ander studente. Die Kuratorium was hiervan bewus.

*19 Septembet 1961: Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verneem van die voorsitter dat hy van* ***verskillende studente skrywes*** *ontvang het waaruit blyk dat* ***hulle ernstige besware*** *teen professor Geyser het. Die dekaan het ook aan hom te kenne gegee dat daar byna* ***onuithoudbare spanning en ontevredenheid in die Fakulteit*** *heers in verband met professor Geyser.............Na bespreking het die vergadering die gevoel uitgespreek dat dit nie langer wenslik is dat Geyser aanbly as professor nie en besluit dat die kontrak met die Universiteit ondersoek word en dat regsadvies daaroor ingewin word. Die regsadvies is tydens die vergadering verkry, en die Kommissie het besluit om Geyser se diens te beëindig met ses maande kennisgewing vanaf 01 Oktober 1961. Die vergadering het egter ook gevoel om eers 'n gesprek met hom te voer en hom mee te deel dat dit wil voorkom asof daar geen vertroue meer in die kerk teenoor hom as professor is nie as gevolg van sy optrede oor 'n lang periode en oor sy verhouding met studente en professore in die Fakulteit, en dat die vraag by die Kommissie opgekom het of dit nie vir hom 'n eerbare weg sal wees om sy bedanking in te dien nie, en dat die Kommissie hom sewe dae tyd gee om hieroor te dink en te handel. Geyser het die versoek aangehoor maar geen kommentaar gelewer nie.*

Op 'n gesamentlike vergadering van 20 September 1961 is besluit dat die Praktiese Teologie lesing van Geyser weggeneem sal word. Dit nadat die 53e AKV besluit dat die Kuratorium en KommAKV gesamentlik kan besluit oor wysigings aan die opdrag van die hoogleraars (in oorleg met UP)

Geyser het voortgegaan asof niks verander het nie en dit het aanleiding gegee tot die indien van die klag teen hom. Geyser se lesings oor die Christologie soos verwoord in Filippense 2 was die laaste saak wat studente genoop het om die klag te lê. In die klas het Geyser se lesinginhoud neergekom op die dwaling van Arius wat die goddelikheid van Jesus Christus in twyfel getrek het. Tydens van die lesings het van die studente opgestaan en die belydenis genoem na *Athanasius* begin voordra, waarop Geyser se reaksie was dat hy nie met dogmatiek besig was nie, maar eksegese. Had hy maar ag geslaan op die vermaning van prof HP Wolmarans (volledig in Skietlood 44) *Ek hoop tog dat u baie nadruk sal lê op die* ***Teologiese karakter*** *van die taak. 'n* ***Dosent in die Teologie*** *moet in die eerste plek Teoloog wees en dan klassikus of orientalis of historikus of godsdienswetenskaplike........Elke Teoloog moet as voorveronderstelling van sy* ***vakkennis dogmaties en bybelsteologies geskoold***

***wees**. Die sistematiese Teologie is die krag van elke teoloog..........U kennis van die klassieke het natuurlik vir u groot waarde, **maar dis nog nie Teologie nie**.*

Op 3 Oktober 1961 moes die Kuratorium handel oor die klag van dwaalleer wat ingedien is deur drie studente. Die indien van die klag het as geen verrassing gekom vir Geyser nie. Hy was goed voorbereid om te antwoord op die klag. Hy was in besit van ‘n verklaring deur vier studente, hulle klasnotas asook sy eie lesings. Die vier studente se verklaring was ter ondersteuning van Geyser se saak: *Ons die ondergetekendes verklaar dat professor A.S. Geyser met die begin van hierdie jaar vir die klas gevra het of hulle genoeë daarmee sal neem dat hy die ekumeniese beweging behandel in die praktiese teologie. Dit was onmiddellik na afloop van die Algemene Kerkvergadering. Niemand het beswaar aangeteken nie. **In die eksegeseklas het professor Geyser herhaalde kere daarop gewys dat ons 'n kritiese sin moet hê.** ...Die verklaring is onderteken deur C. Jongeleen (vierdejaar), G.M. Booy (vyfdejaar), A.T. Kemp (vierdejaar) en J.H. Viljoen (sesdejaar).*

Geyser het met verskeie teen-argumente die Kuratorium probeer oortuig van sy onskuld. Dit was nie die taak van die Kuratorium om hom te verhoor nie. Volgens Kerkwet moes die Kuratorium net verseker dat die klag wettig is. Nóg Geyser, nóg prof van Selms kon met skuiwe en argumente die saak daar stuit. Die Kuratorium was van oortuiging dat die klag in orde is en het besluit om die klag, soos per Kerkwet, deur te stuur na die Kommissie van die 53e AKV. 24 Oktober 1961 het die Kommissie besluit om die klag aan te hoor. Die eerste wat opval, is die benadering van die aangeklaagde. Dit herinner aan ‘n eietydse houding (hierdie keer met ondersteuning van die KommAKV) dat enige klag teen ‘n sekere emeritus hoogleraar voorafgegaan moet word met die deurlees van die volledige *corpus van Aarde* (onder andere). *Geyser het gevra dat*

- *'n bandopname van die verhoor gemaak word,*
- *'n snelskrif tikster aan hom toegestaan word,*
- *buitelandse waarnemers en*
- *predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en*
- *Engelse kerke toegelaat word om die verhoor by te woon,*
- *en dat die verhoor daagliks nie langer as vyf ure sal duur nie.*

Aan die eise is nie voldoen nie en **na 38 uitmergelende sittings** is die verhoor afgehandel. Die volledige bevinding kan in die argief nagespeur word. Dit is duidelik dat die Kommissie neutraal regverdig probeer optree het ten spyte van Geyser se provokasie.

- *Wat die gedeelte betref oor volharding in verset was die bevinding dat dit nie afdoende bewys is nie en dat die **aangeklaagde die voordeel van die twyfel** moet geniet.*
- *Wat die gedeelte oor **dwaalleer betref, is bevind dat die klag in verband met die Christologie gestaaf is (10 stemme teenoor 2**),*
- *dié oor **die ekklesiologie nie gestaaf** is nie (9 stemme teenoor 3), en*
- *ook nie die klag oor di**e Pneumatologie nie** (met algemene stemme).*
- *Aan die einde van die bevinding verskyn die volgende paragraaf: As daar verder gelet word op die **aanmatigende en verkleinerende uitlatings** wat deur die aangeklaagde tydens sy verhoor gemaak **is teen die Kerk, die Kommissie en hulle wie se getuienis nie in sy guns was nie**, en die **uitdagende houding** wat hy tot die einde van die verhoor volgehou het, kan die Kommissie **geen versagtende omstandighede vind nie**.*

Dit was nie die einde van die sage nie. Einde Julie 1962 is die Kerk deur Geyser se prokureurs voor die ultimatum gestel dat hulle die saak moes terugtrek binne drie weke of Geyser sou met hofaksies begin. Die Kommissie was oortuig van hulle saak en wou nie van plan verander nie. Geyser het toe met die hofgeding begin eerder as om hom op die AKV te beroep. Hy het egter met ingang 30 September 1962 bedank nadat hy by UNISA ‘n aanstelling ontvang het. Die hofsaak het, met nare gevolge vir die NHKA, sy nadraai in 1963 gehad.

Op 26 Augustus 1963 vergader die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Hulle moes besluit oor

die voorstel van die Kerk se advokaat. Advokaat M.R. de Kock het gestel dat die hofsaak tussen die kerk en professor Geyser geskik is nadat hy in die hof bely het dat hy die Belydenisskrifte van die kerk en in besonder die Athanasianum saam met die kerk bely en onderskryf.

Die verklaring het aanleiding gegee tot ‘n broederlike gesprek tussen die partye. Uiteindelik is 'n **skriftelike stuk** opgestel waarin die resultaat van die voorlopige onderhandelings beliggaam was. Hierdie stuk is deur advokaat De Kock aan die Kommissie voorgelê, en hy het ten sterkste aanbeveel dat die Kommissie moes instem tot die inhoud. Sy hoof argumente was dat die saak uit die howe gehou moes word en dat die inhoud van die ooreenkoms die “Kommissie met eer” uit die stryd laat tree. Daar kan met goeie gronde spekuleer word dat die advokaat raakgesien het dat die “belydenis van Geyser” in die hof die NHKA se saak oneindige skade aangedoen het. Die skikking buite die hof was ‘n vorm van skadebeheer.

Die Hofskikking stel onder andere: *Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verklaar dat hy nou duidelik verstaan dat dit nooit professor Geyser se bedoeling was dat sy uitleg van Fil 2:6-11 'n finale uitspraak oor die verhouding van die Seun tot die Vader moes wees nie. Die Kommissie verklaar dat dit 'n bona fide en opnopsetlike misverstand was. Professor Geyser verklaar dat hy aanvaar dat dit 'n* ***bona fide en onopsetlike misverstand*** *was. Professor Geyser herbevestig sy herhaalde verklarings dat hy ook die Athanasianum as synde in volledige ooreenstemming met die Heilige Skrif altyd onderskryf het en nog onderskryf. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aanvaar hierdie versekering en verklaar soos volg:*

*Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering*

- *stel sy bevinding en* ***uitspraak*** *van 08 Mei 1962* ***tersyde***
- *en verklaar dat professor Geyser* ***steeds predikant*** *van die kerk is.*
- *In 'n gees uitsluitlik van christelike* ***broederlikheid*** *bied die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aan om alle* ***regskoste*** *deur die Algemene Kommissie en professor Geyser aangegaan te* ***betaal****.*
- *Professor Geyser aanvaar hierdie aanbod van die betaling van sy regskoste deur die kerk, net soos die kerk dit aanbied, as 'n daad van broederlikheid van die kant van die kerk, met dank. Beide partye gee die eer aan God vir die beëindiging van die verontrusting van die afgelope jare.*

Daar is nou diegene wat suggereer dat die verhoor van Geyser reeds ‘n fout was, en dat die skuldigbevinding ongegrond was. Dit is te betwyfel. Die Kommissie was so seker van hulle saak dat gemeentes gevra is om by te dra tot die R80 000 beraamde regskoste. Dit moet ook verder gestel ward dat hier nie sprake was van ‘n kerklike appél deur ‘n predikant nie. Die Kommissie se terugkrabbel het meer met regssake te make en bitter min met teologie. Die regskoste het meer as R88 000 beloop en daar moes selfs ondersoek ingestel word na die uitneem van ‘n verband op die van der Hoff gebou om dit te betaal.

*As onderbreking wil die Skietlood vra: Wil die 70e KommAKV nie maar dink oor skik voor die duur hofsaak begin nie?*

Dit is ‘n bietjie meer volledige onthou van dinge wat Dreyer in sy artikel vergeet het. In die volksdenke is Geyser steeds ketter. Sy skuldigbevinding is na sekulêre regsspraak ter syde gestel. Die NHKA was van plan om die verbintenis met hom te beëindig. Dit is die persoon wat nou met ‘n gedenklesing vereer word deur die dosente van die NHKA by UP se teologiese fakulteit.Die Skietlood vra: Is dit werklik die moeite werd om ‘n man wat soveel onmin en skade in die NHKA veroorsaak het, op hierdie troontjie te plaas. Waarom nou? U moet self besluit.